

Rut: Stories van Menswaardigheid

1. By die onlangse Algemene Sinode het die NG Kerk besluit om 'n opwindende nuwe inisiatief van die Seisoen van Menswaardigheid te aanvaar in samewerking met die VGK. Volgens hierdie inisiatief wil die Seisoen van Menswaardigheid 'n ruimte skep waar gemeentes kan na dink oor die sake wat mense se menswaardigheid affekteer en veral die vooropgestelde idees wat mense se dade en oortuigings informeer wat die geloof dat alle mense as geskape in die beeld van God gelyke waarde het aantast. Die volgende areas is ondermeer geïdentifiseer as areas waar mense se menswaardigheid potensieel skade kan ly:
 - 1 Gender
 - 2 Homoseksualiteit
 - 3 Rasisme en Xenofobia
 - 4 Armoede
 - 5 Gestremdheid
 6. Gesondheid wat HIV/Aids, Tuberkulosis en kanker insluit.
 7. Ekologie
2. Tydens hierdie tyd word daar veral gefokus op die vier waardes van (1) Luister (2) Empatie (3) Omarming (4) Liefde, en word daar op verskillende maniere gepoog om hierdie waardes in gemeentes en gemeenskappe te laat posvat wat hopelik sal uitmond in 'n ander manier van dink en leef.
3. Vir my as OT teoloog is hierdie inisiatief wonderlik. Sedert ek in 2010 by die Fakulteit Teologie aangestel is met 'n navorsingsfokus in menswaardigheid, is ek besig om Ou Testament tekste te lees vanuit die perspektief van menswaardigheid. Ek is vas oortuig dat die manier hoe ons tekste lees, 'n invloed het op hoe ons leef. En omgekeerd.
4. Oor die jare heen is ek aangetrek na tekste in die Ou Testament wat 'n mens as gedempte stemme kan beskryf, stories wat vertel van die vroue karakters wat iewers in die hoof storie wegekrui, die tekste wat nooit gepreek word nie. Ek glo dat as 'n mens hierdie stemme ophig, en hierdie stories van die vroue uit die skadus bring, ons ook sal begin om diegene wat gering geskat word in ons midde raak te sien. Deur die stories wat ons vertel, hoop ek dus dat ons die aandag kan vestig op hulle in ons wêreld vandag wat oorgesien word, afgemaak word, of as minder as mens beskou word.
5. Een so storie is die van Rut en haar skoonma Naomi. Rut, die Moabiet, die vreemdeling wat deur Israel gehaat is en wie volgens Deuteronomium 23 nooit deel van God se gemeente sou vorm nie, trek vanaf Moab saam met haar skoonma, Naomi na Bethlehem (huis van brood) omdat hulle gehoor het dat God daar kos voorsien het. Beide hierdie vroue se mans is aan die begin van die verhaal oorlede wat hulle in 'n uiters weerlose situasie geplaas het sonder 'n manlike familielid (vader, man, seun) om hulle te onderhou. Boonop was daar 'n hongersnood in die land wat verder aanleiding gegee het tot die situasie van ernstige armoede waarin die vroue hulself bevind het wat hulle genoodsaak het om soos baie immigrante vandag na 'n verre land te reis in die hoop op 'n beter lewe.
6. Die verhaal van Rut en Naomi word egter 'n wonderlike voorbeeld van hoe twee weduwees, en een nog 'n vreemdeling daarby, aanspraak maak op God se sorg – die God wat 'n mens in die Ou Testament leer ken as 'n God wat op 'n spesiale wyse die God van die armes, die onderdrukte, die weduwees, die weeskinders en die vreemdelinge (bv. Deut 10:18. Sien ook Ps 146:7-8; Luk 1:53).
7. Kom ons lees dan nou vanoggend saam uit die boek Rut hoe God vir hierdie twee weduwees sorg:
Lees Rut 2-3
8. In hierdie mooi verhaal lees ons hoe God voorsien op twee maniere kos voorsien in die boek Rut. Eerstens, as 'n arm nie-Israëlitiese vrou, is dit ironies dat Rut afhanklik is vir haar oorlewing in terme van die wette van Israel. Volgens die gebruike van die tyd kon die armstes van die armes na

die afloop van die oes, gaan gars en koring en vrugte optel wat oorgebly het (Deut 24:19-22). Dus, deur middel van hierdie wette, word God se voorsiening vir hierdie twee weduwees 'n realiteit.

9. Tye verander en om gars en koring in die velde te gaan optel mag vreemd vir ons klink. Maar die realiteit wat ons moet raaksien in hierdie verhaal is hoe arm mense vandag nog alles in die stryd werk om te oorleef. Katharine Sakenfeld (1999:45) skryf soos volg oor die gebruik dat armes graan tydens die oes kon optel in 'n moderne konteks:
Gleaning continues in various forms in the modern world as a means of survival for the destitute. In some countries, it is structured by law, routinized as a welfare safety net, or organized through food banks; but even there, people rummage through garbage cans to survive. In some poorer nations, conditions for the destitute in search of food are even more extreme.
10. Om graan op te tel is egter net 'n tydelike oplossing aangesien die einde van die oestyd vinnig besig is om aan te breek. Dus, in die tweede plek voorsien God aan die wat honger ly, die weduwees en die vreemdelinge deur middel van een man wat omgee. 'n Man van formaat, 'n mense sou kon sê, 'n goeie man, word Boas 'n instrument in God se hand en die manier waarop God vir die vreemdeling en die weduwee sorg. 'n Mens sien dit duidelik in Rut 2:14 en 18, wanneer daar gesê word dat Boas aan Rut kos in oorfloed verskaf. Hy gee vir haar meer as wat sy kan eet, en wanneer sy klaar geëet het, neem sy wat oor is om nog 'n honger weduwee te gaan voed – haar skoonma, Naomi. Boas se handelinge strek verder as wat 'n mens sou verwag. Nie net voorsien hy kos aan Rut, maar sy uitnodiging aan haar om by die ander werkers te sit dien as 'n gebaar van insluiting in die groter gemeenskap. So word Boas 'n goeie voorbeeld hoe God se voorsiening mensehande benodig.
11. Ons sien dit ook wanneer die twee vroue in hoofstuk 3 die inisiatief neem om hulself op Boas te beroep om sy rol as lossers in te neem. Op die dorsvloer wat gekleur is met dubbelsinnigheid oor presies wat gebeur het (Rut klim by Boas se “voete” in wat in Hebreeus 'n eufemisme is vir 'n man se geslagsorgane), sien ons hoe Boas 'n voorbeeld word van iemand wat die ander waarlik raaksien. In 'n aandoenlike oomblik van empatie, sien Boas raak dat die hierdie meer as 'n vreemdeling, of 'n arm weduwee. Hy noem vir Rut 'n eset hayil. 'n Vrou van formaat wie se voorbeeld hom uitdaag om ook in 'n daad van omarmde liefde hierdie vrou wat haarself in 'n baie weerlose situasie bevind menswaardig te behandel.
12. In die boek Rut sien ons dus iets van wat Katharine Sakenfeld (1999:9-11) as 'n sentrale tema van die boek identifiseer naamlik die vreedsame gemeenskap waar jonk en oud, Israeliet en vreemdeling saam leef in 'n vreugdevolle en vreedsame gemeenskap, waar armes versorg is, waar weduwees nie net oorleef nie maar floreer, en waar daar in almal se behoeftes voorsien word.
13. Die verhaal van Rut is egter nie sonder sy kompleksiteite nie. Bv. In terme van Rut se identiteit word sy reg deur die storie onthou as die Moabiet – maar sy verdwyn as't ware van die prentjie af na sy geboorte skenk aan 'n seun wat volgens die vrou van die gemeenskap, die seun van Naomi genoem word. Heelparty skrywers wys daarop dat hierdie op die realiteit dui wat mense van 'n ander etnisiteit as die dominante groep in die gesig staar, waar hulle gedwing word om te assimileer en hulle eie identiteit opgee om in te pas.
14. En ook die toneel op die dorsvloer, waarvan die seksuele aard van die ontmoeting in geen onsekere terme deur Marc Chagal uitgebeeld word nie, laat ook 'n mens wonder oor die moontlikheid van seksuele uitbuiting wat baie jong meisies te beurt val. Die verhaal dui inderdaad op die kompleksiteite van wat baie armes sal doen om te oorleef – 'n realiteit wat dikwels heelwat slegter eindig as hulle in kontras met Rut nie met 'n eerbare gentleman te make het nie.
15. Die verhaal van Rut en Naomi moedig ons aan om die armes rondom ons raak te sien en te wonder wat hulle unieke stories is. Armoede in ons land is inderdaad 'n oop geïnfecteerde wond wat Suid-Afrika se gesondheid ernstig bedreig. Armoede is soos Stef Bos een keer in 'n konsert gesing het met 'n metronoom wat onheilspellend tik, tik, tik, 'n tydbom wat dreig om te ontplof. Armoede raak ons almal. Dit raak die groot persentasie mense in ons land wat op 'n hongerloon moet oorleef. Armoede tas mense se menswaardigheid aan deur basiese behoeftes van kos, klere, verblyf, toegang tot water en elektrisiteit, veiligheid ernstig te bedreig. Maar dit raak ook die res van ons wat in hierdie land leef. Soos Denise Ackerman so mooi skryf oor HIV-VIGS. The body of Christ has AIDS. Ons is die liggaam van Christus. As een ly, ly ons almal.
16. In terme van Rut en Naomi se verhaal help die storie ons om te besef dat ook in ons land raak armoede veral vroue op 'n baie spesifieke manier raak, soveel so dat daar in studies oor armoede

gepraat word van die “feminisation of poverty.” Dit is nie net dat vroue meer dikwels as arm geklassifiseer word of in ekstreme armoede woon nie, maar ook die manier hoe vroue armoede ervaar word indringend beïnvloed deur hulle geslag. Byvoorbeeld, vroue ervaar ‘n groter werkloosheidsyfer en is meer dikwels afwesig van beter betaalde werk. Vroue word meer dikwels uitgesluit van opvoedingsgeleenthede en vaardigheidsopleiding, vroue is grootliks verantwoordelik om water en hout bymekaar te maak in situasies waar daar nie lopende water en elektrisiteit beskikbaar is nie – plattelandse vroue spandeer elke dag ure, tot soveel as 6-8 ure om water en hout te gaan haal. Vroue is selde landeienaars wat hulle uitsluit van selfbeskikkingsreg. En vroue is al te gereeld die slagoffer van geweld en is veral weerloos as dit kom by HIV-VIGS.

17. Die stories van Rut en Naomi moedig ons aan om empatie met die karakters in die verhaal te hê. Maar dit vra ook vir ons dat ons empatie sal verder strek as die bladsye van die Bybel, dat ons ook die mense in ons midde sal raaksien wat sukkel om te oorleef. Deur middel van die verhale van Ruth en Naomi verstaan ons dalk ’n klein bietjie beter dat ons nie oor die armes in terme van ‘n abstrakte gesiglose massa moet dink nie. Mans en vroue vandag wat hulle in die ongelukkige demografie van “die armes” bevind het stories, dikwels heel komplekse en soms selfs donker stories.
18. Die komplekse verhale soos die van Rut (en Naomi) moedig ons dus aan om die arm vroue van ons eie land raak te sien, om hulle stories te leer ken, om te deel in hulle hartseer en hoop en vreugde en iets meer te verstaan van die komplekse dryfvere wat inspeel in hulle lewens. Dit daag ons uit om bietjie verder te kyk en iets te probeer verstaan van vroue wat met hulle rug teen die muur is, maar wat nogsteeds die krag en die hulpbronne vind om te oorleef. Verhale soos die vra dat ons sal raak sien hoe arm vroue in ons land en reg oor die wêreld probeer om hul weg te vind in ontsettende moeilike omstandighede. Dit vra ook hoe ons kan saamwerk as individue maar ook as gemeenskappe om die kort- en langtermyn effekte van armoede op te hef asook om oplossings op sistemiese vlak te vind hoe armoede geheel en al uitgewis kan word sodat die Rutte en Naomis in ons gemeenskappe nie meer in die onmenslike omstandighede van armoede hoef te leef nie.
AMEN

Skuldbelydenis

Die lied van Stef Bos waarna ons geluister het tydens die offergawe het my laat dink oor die vroue van ons land. Daar is baie vroue in ons land wat swaar laste dra. Wat baie hard werk. Vroeg opstaan om in ons huise te werk. En aan die ander kant is daar baie vroue wat ook vanoggend hier sit wat ’n Double shift werk – wat die eise van voldag werk, kinders, en om ’n tuiste te maak vir ons gesinne moet balanseer.

In hul boek *Global Women: Nannies, Maids and Sex Workers in the New Economy* skryf Barbara Ehrenreich en Arlie Hochschild dat wat “nannies” en “maids” in gemeen het met beroepsvroue is dat ons almal baie ambisieus is en ’n beter lewe vir ons en ons kinders wil hê. Om ’n gedeelde empatie te ontwikkel beteken dat ons mekaar sal raaksien en ook ons gemeenskaplike worstelinge sal verstaan.

Dit vra ook dat ons wat vroue het wat vir ons werk, onself sal afvra of ons dit vir hulle moeiliker of makliker. Behandel ons die vroue wat ons in huis werk met menswaardigheid? Betaal ons ’n hongerloon? Of skep ons die geleentheid dat hulle vir hulself en hulle kinders kan sorg en nie net kan oorleef nie maar ook kan floreer?

En vir diegene van ons wat werk in die private of publieke sektor, in besighede, ja en ook in die kerk kan baie van ons stories vertel van hoe baie vroue nog sukkel om hulself volkome uit te leef: Om deur die sogenaamde “glass ceiling” te breek. Om stereotipes en seksuele teistering te oorkom. Soos Martha Nussbaum vra: Moet ons dit vir vroue so moeilik maak?

In die skuldbelydenis vanoggend, laat ons dink oor waar ons wêreld te kort skiet en laat ons dan saam bid in die woorde van die volgende litanie¹ waarin ons bely dat ’n beter wêreld wel moontlik is:

¹ Gebaseer op die “Litany of Truth” deur Anna Karin Hammar and Jean Sindab, Into Action: A Resource for Participation in the Ecumenical Decade Churches in Solidarity with Women
<http://ecumenicalwomen.org/theology/worship-resources/prayers-litanies-and-creeds/a-litany-of-truth/>

Liturg:

Ons bely vanoggend dat te midde van 'n realiteit wat mense se waardigheid misken, nietig gemaak of geskend word, dat ons glo in 'n God van reg en geregtigheid, 'n God wat ten diepste betrokke is by die nood van diegene wat ly.

Ons bely dat ons glo in Jesus Christus wat uitgereik het na mense wat deur die wêreld verag word, wat 'n vriend was van vroue, melaatses, sondaars en vreemdelinge.

Ons bely dat ons glo in die Heilige Gees wat oor die eeue heen mense inspireer om te veg vir reg en geregtigheid, wat die Trooster is van diegene in pyn

As gemeente kom ons saam om onwaarhede uit te daag en om onreg teen te staan. Ons bely dus die volgende oortuiging:

Liturg:

DIT IS NIE WAAR dat armoede, geweld, korrupsie nie teengestaan of geëlimineer kan word nie.

Almal:

DIT IS WAAR dat Jesus Christus na die wêreld gekom het om die tafels van onreg om te keer, sodat mans en vroue, versterk deur die Heilige Gees, armoede en onreg in ons land sal uitdaag.

Liturg:

DIT IS NIE WAAR dat vroue moet voel en ervaar dat 'n vrou minder werd is in die gemeenskap nie; dat vroue so dikwels die slagoffer van geweld is nie.

Almal:

DIT IS WAAR dat vroue geskep is na die beeld van God, en dat mans en vroue geroep word om saam te werk om diskriminasie, onreg en geweld teen te staan.

Liturg:

DIT IS NIE WAAR dat rassisme maar net 'n aanvaarde praktyk in ons gemeenskap en persoonlik lewe is nie.

Almal:

DIT IS WAAR dat dit nie vir God saak maak wat die kleur van jou vel is nie, maar of jy "reg sal laat geskied, dat jy liefde en trou sal bewys, dat jy bedagsaam sal lewe voor jou God" (Miga 6:8)

Liturg:

DIT IS NIE WAAR dat geweld, terrorisme, en oorlog 'n deel van ons wêreld hoef te vorm nie.

Almal:

DIT IS WAAR dat die koninkryk van God 'n vredesryk is en dat Jesus Christus verkondig het dat die vredemakers geseënd sal wees.

Liturg:

Grote God, U naam word verheerlik waarookal reg en geregtigheid geskied.

Mag ons groei in ons vermoë om in liefde en empatie met mekaar te leef

Mag ons aktief werk om 'n gemeenskap te wees waar elke mens se menswaardigheid gerespekteer word sodat dit in hierdie wêreld net soos in die hemel sal lyk

Kom ons bid dan nou saam die gebed waarmee Jesus sy dissipels leer bid het wanneer ons sê:

Ons Vader.....

AMEN